NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

27 Mei 2022: Nr 17/2022

Warmnuus

Eenheid, omgee en luister

By die onlangse vergadering van die Algemene Sinode se moderamen (ASM) van *17-19 Mei* te Emseni in Benoni, het vyf afgevaardigdes uit elkeen van die tien samestellende sinodes, 'n ontspanne gees van eenheid, omgee en luister ervaar. Die Noordelike Sinode se afvaardiging het uit lede van die moderatuur bestaan en is deur die moderator, Dewyk Ungerer, gelei. Daar is o.a. verslag gedoen oor 'n diepgaande gesprek van die ASM se dagbestuur met 'n afvaardiging van die Namibiese Sinode n.a.v. hulle onlangse sinodesitting.
Kliek hier vir die berig wat in Kerkbode hieroor verskyn het.

Daar is oor verskeie sake terugvoering gegee en só het die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) insiggewende syfers rakende predikante beskikbaar gestel. Die ouderdomsverspreiding van die predikante in die NG Kerk is tans soos volg:

21-30	134
31-40	333
41-50	287
51-60	527
61-65	389
66-70	266.

Die Algemene Kuratorium het o.a. klem gelë op die verskillende opleidingsbane wat daar tans vir predikante bestaan. Daar is vier moontlikhede: Leraar met volle bevoegdheid, Diensleraar, Standplaasleraar en Bedienaar. **Kliek hier** vir die volledige inligting.

Die ASM is die gevolmagtigde liggaam wat tussen die sittings van die Algemene Sinode die besluitnemende bevoegdheid het. Die volgende siiting van die Algemene Sinode is van *15-20 Oktober 2023*.

Sinodenuus

❖ CMR Noord: Persverklaring n.a.v. Rapport se voorbladberig

Gemeentes word versoek om die persverklaring aan hulle gemeentelede bekend te maak. [**Kliek hier** vir die volledige verklaring].

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *31 Mei*
Skriflesing: *Matt 28:16-20*
Kontak vir Kobus Myburgh (083 227 7185) of vir
Fanie Cronjé (083 415 1452).
Zoom Meeting: **Kliek hier**; **Meeting ID**: 921 9767 1478; **Password**:453371.

❖ KwaZulu-Natal weer in vloed

In die lig van die onlangse reën in dele van KwaZulu-Natal verskaf ons weer die volgende inligting:

Vir ***water en ander bydraes*** kan die Gemeente Villieria gekontak word: *Jeandré Slabbert* (082 370 7518).
Finansiële bydraes kan in die rekening van die Natalse Sinode inbetaal word:
NG Kerk van Natal
ABSA Tjekrekening,
Rekeningnommer: 1140000082. ***Verwysing:*** *KZN vloede & naam van persoon of gemeente.*

Kollega- en ander personeelnuus

❖ In hospitaal

Marietjie Glas [Riviera-Jakaranda] se man **Emile,** ontvang tans chemoterapie.

Beroep

Johan van As (beroepbaar) is na **Wonderboom-Suid** in 'n deeltydse termynpos beroep.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

30/05 Johann Joubert [Emeritus]
Trix Truter [Elandsrand]
31/05 Johan Haasbroek [Kadoma, Chegutu, Chinhoyi/Karoi]
01/06 Bertus Badenhorst [Emeritus]
Cornél Viljoen [Ellisras-Wes]
03/06 André Vivier [Emeritus]
04/06 Alwine Strauss [Kameeldrif]
Lourens Bosman [Suidoos-Pretoria]

31/05 Ingrid Esterhuizen [Eggenote van Francois Esterhuizen]
01/06 Anneliese Bothma [Eggenote van Gerhard Bothma]
Johan du Preez [Eggenoot van Bernice du Preez, Waterkloof]
03/06 Melanie Wildenboer [Eggenote van Johan Wildenboer, Florandia]
04/06 Emil Glas [Eggenoot van Marietjie Glas, Riviera-Jakaranda]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk

Northam [31/05/1941]

❖ Queenswood: Basaar

28 Mei [09:00-13:00] by Garretlaan, Queenswood. Navrae 012 333 1797. >>>

❖ Raslouw: Gholfdag

Raslouw bied elke jaar 'n gholfdag aan as fondsinsameling vir die gemeente.

Datum: Vrydag *10 Junie 2022*
Plek: Dienste Gholfklub, Thaba Tshwane
Span: 4 Bal spanne
Koste: R 600-00 per speler (R 2 400-00 per span) – sluit spelersfooi, halweghuis-ete en aandete in
Inskrywing: Abrie Greeff – 083 274 7551

❖ Andrew Murray

Prof **David Block** besoek NG Kerk Andrew Murray Pretoria (Whitestraat 501, Bailey's Muckleneuk) op Vrydag, *10 Junie* 2022 om 18:30, en bring God en wetenskap bymekaar.

* Kaartjies is beperk teen R120 per persoon, en sluit sop en sjerrie in.
* Slegs besprekings – geen kaartjies by die deure. Kontak Anthony – 0834751919.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling.

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

- Vir die **2022 Program besoek Excelsus se webwerf:** http://www.excelsus.org.za/

Boekbekendstelling: *9 Junie [11:30 – 13:00]*

The Faculty of Theology and Religion cordially invites you to the launch of
Old Ways of Being to New Ways of Seeing
a book published in collaboration with top theologians from the University of Pretoria,
and edited by Ms Mary Crewe.
Venue: Pure Café, top level, Old Klubsaal
RSVP: Dana.mahan@up.ac.za

Die jaar van God se genade (Jaar C): Koninkrykstyd *[Skuif 08 Junie]* - [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Daar is lewe vóór en ná aftrede: Sinvol besig tot en met aftrede *[Skuif 14 Junie]* - [**Kliek hier** vir volledige inligting]

Gevorderde Kursus in Jeugbediening: *Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP*
Datums: *18 - 21 Julie; 06 - 08 September; 14 – 17 November 2022*; *15 – 19 Januarie 2023*; *Verhandeling Maart 2023*
[**Kliek hier** vir volledige inligting]

Brugbediening: *Kursus aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap by UP*
Datums: Week 1: *25-28 Julie;* Week 2: *07-10 November 2022*
[**Kliek hier** vir volledige inligting]

❖ Communitas

Winter School: 21-23 June 2022
Pastors, students, academics from schools of religion and all interested persons are invited to the 2022 Winter School, presented by the Faculty of Theology, Stellenbosch University, in collaboration with Communitas, Ekklesia and the Beyers Naudé Centre for Public Theology.
The venue for the Winter School is the Attie van Wijk Auditorium, Faculty of Theology, 171 Dorp Street, Stellenbosch.

- **Click here for more information.**
- Closing date for registrations: *13 June 2022*.

Ander nuus

❖ Mosambiek vergadering: 31 Mei

Carl Louwrens skryf die volgende: "…Om eerstehands te verneem hoe dit met die IRM gemeentes in Mosambiek gaan en hoe die pandemie die kerk beinvloed het, beplan ons 'n zoom vergadering vir Dinsdag *31 Mei*.

Kerkleiers van die IRM en sendelinge in Mosambiek sal deelneem aan die gesprek.

Gemeentes wat bande met IRM gemeentes het asook almal wat geroepe voel om nou daar betrokke te raak is welkom om vir ds Carl Louwrens te kontak vir verdere besonderhede [epos adres: crl@telkomsa.net of selnommer 0829237452]".

❖ Vakatures

Universiteitsoord:

Skakel- en Kommunikasiebeampte
Sluitingsdatum: *8 Junie 2022* - **Kliek hier** en lees verder. **Aansoekvorms** is beskikbaar by kantoor@universiteitsoord.co.za.

Studenteleraar
Sluitingsdatum: *15 Julie 2022* - **Kliek hier** en lees verder. Slegs kandidate wat die amptelike aansoekvorm voltooi het, sal in oorweging kom. **Aansoekvorms** is per e-pos by kantoor@universiteitsoord.co.za beskikbaar. **Kontak** ds.Fritz Snyman [082 332 5781].

Overkruin:
Aanddiens musiekbediening [Termyn kontrakpos]
Sluitingsdatum: *30 Junie 2022* - **Kliek hier** en lees verder.

Waterkloof:
Administratiewe Beampte vanaf 1 Julie - **Kliek hier** en lees verder
Kantoorbestuurder vanaf 1 Julie - **Kliek hier** en lees verder

Kerkbode Vakatures: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

❖ Christelike Lektuurfonds [CLF]: 65 jaar

CLF vier vanjaar hulle 65ste verjaarsdag.
- **Kliek hier** vir die Mei-maand Nuusbrief waarin daar meer hieroor vertel word.

Naskrif